



Vak: Graad 7 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal
2 - Eksamen 1
Totaal: 105 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1

Die Universiteit van Timboektoe was in die stad van Mali geleë. Die stad het al in die 12de eeu floreer. Die stad van Timboektoe het meer universiteite as enige ander nasie gehad. Dit was bewyse van die talente, kreatiwiteit en vindingsrykheid van die Afrika-mense. Europese ontdekkingsreisigers was vir eeue deur Timboektoe gekul.

Die Parys-gebaseerde *Société de Géographie* het in 1824 'n 10 000-franc prys aangebied aan die eerste Europeër wat Timboektoe kon opspoor.

Die outydse moskees, grafte en monument van die universiteit in Timboektoe het die Masajid van Djinguereber, die Masajid van Sidi Yahya en die Masajid van Sankore ingesluit.

Volgens Islamitiese tradisie, het Timboektoe van 1329 af 'n belangrike rol in die verspreiding van Islam in Wes-Afrika gespeel.

Op sy hoogtepunt, lank voor Europeërs universiteite gebou het, het die Universiteit van Timboektoe 'n gemiddelde bywoning van omtrent 25 000 studente gehad in 'n stad van om en by 100 000 mense. Die universiteit se kurrikulum het verskeie grade van geleerdheid gehad. Hierdie was primêre-, sekondêre- en hoër-geleerdheid, sowel as iets wat hulle die Sirkel van Kennis genoem het. Ander vakke het literatuur, wetenskap, wiskunde en medisyne ingesluit.

Vertaal vanaf: https://www.thepatriot.co.zw/old_posts/the-legacy-of-timbuktu-africas-oldest-university/

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1



https://www.thepatriot.co.zw/old_posts/the-legacy-of-timbuktu-africas-oldest-university/



Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Baie mense van Wes-Afrika het by die Universiteit van (1) gestudeer. Hulle was 'n gemeenskap vol (2) .

Jy moet jou antwoorde op die teks baseer.

Opsies Is: Mali | Timboektoe | gesonde verstand | kennis | trots

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Pas die woorde by die regte betekenis:

hadj - (1) ;

ritueel - (2) ;

altaar/tempel - (3) ;

mansa - (4) .

Opsies Is: pelgrimstog na Mekka | godsdienstige seremonie of handeling | geskrewe dokumente | koning of keiser in Mali | plek van aanbidding | diep godsdienstige gevoelens

1	
3	

2	
4	



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 3, 4

Die volgende is 'n uittreksel van 'n internet webtuiste wat praat oor die begin van slawerny. Koningin Elizabeth I het Engeland regeer vanaf 1559 tot haar dood in 1603; Hawkins was haar Engelse Vlootkommandeur. Hawkins was die eerste een om 'n wins te maak van die Britse slawehandel.

"Hawkins het huis toe gekom met skepe vol ivoor, velle en suiker. Koningin Elizabeth was woedend dat slawe gevat was en verkoop was sonder hulle vrye toestemming; sy het Hawkins gekritiseer vir sy aaklige gedrag. Sy het alhoewel vinnig haar opinie verander toe sy geleer het dat die wins so hoog was. Die gelowige Elizabeth het 'n vennootskap met Hawkins gemaak om meer ekspedisies te reël om slawe te verower. So het die Britse slawehandel begin. Hawkins was 'n titel en 'n wapenskild gewaarborg. Die wapen het 'n prentjie van 'n slaaf ingesluit."

Source: http://www.badnewsaboutchristianity.com/gaa_slavery.htm

Vraag 3: Veelvuldige Keuse

4 punte

Koningin Elizabeth I was 'n godsdienstige Christen. Sy het haar geloof op een kant gesit toe sy ...

- | | |
|----------|---|
| A | 'n wins van die slawehandel gemaak het |
| B | Hawkins bevriend het |
| C | ingestem het met Hawkins se vermoë om slawe te vervoer met sy skepe |
| D | gelukkig was toe Hawkins se skip teruggekom het met velle, ivoor en suiker. |

Vraag 4: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Hierdie uittreksel is 'n voorbeeld van 'n (primêre/sekondêre) bron. Kies die korrekte woord.

--

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 5





Die gedenkplaat kan as volg vertaal word:

Die "Moses van haar mense", Harriet Tubman van die Bucktown Distrik, het vryheid vir haarself en drie honderd ander slawe verower wat sy noord gelei het. In die burgeroorlog het sy gedien as 'n verpleegster, spioen en verkenner vir die Unie Weermag.

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Vir 12 jaar, het Harriet Tubman 18 of 19 keer na die Suide teruggekeer en meer as ... slawe gered.

Verskaf 'n getal.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 6

Mali: Wes-Afrika se Goue Ryk

Die begin van Mali

Met die ondergang van Ghana het 'n ander groot ryk ontstaan in Wes-Afrika. Mali, geleë in die Sahel, 'n grassland gebied op die suidelike grens van die Sahara-woestyn het kragtig geraak deur die ryk trans-Sahara-handelsroete te beheer tussen noordelike en westelike Afrika, veral die goudhandel. Mali was geleë in die landbouyke area langs die boonste Niger Rivier. Meeste van die goudhandel het met die Niger Rivier opgekom en het so vir Mali 'n kans gegee om hierdie handel te beheer. Beheer van die Niger Rivier het Mali gehelp om as ryk te groei.



Mali se eerste koning

Sundiata, die historiese stigter van Mali (wie se naam “Hungering Lion” beteken), het Mali geheers van 1230-1255. As ‘n koning, was daar gesê dat hy jagtersklere gedra het instelle daarvan om koninklike mantels te dra. In die tyd van Sundiata se heerskappy het die ryk van Mali uitgestrek oor 1,000 myl van die Ooste na die Weste en Mali het beheer geneem van die goud en southandel. Sundiata is ook gesê om verbouing en die weef van katoen in die area bekend te stel.

Die Goue Era van Mali

Die leiers van Mali is die mansa genoem, dit beteken “keiser” of “meester.” Mansa Musa was Mali se grootste koning, hy het regeer vanaf 1312 tot 1337. Hy was die kleinseun van Sundiata se halfbroer en het oor Mali regeer gedurende ‘n tyd van groot voorspoed, waartydens handel verdrievoudig het. Gedurende sy heerskappy, het hy die grondgebied van Mali verdubbel; dit het ‘n groter koninkryk as enige ander, in daardie tyd, in Europa geword. Die stede van Mali het belangrike handelsentrums vir almal van Wes-Afrika geword; sowel as beroemde sentrums vir rykdom, kultuur en leer/opvoeding.

Timboektoe, ‘n belangrike stad in Mali, het een van die hoof kultuursentrums, nie net van Afrika nie, maar ook van die hele wêreld geword. Baie biblioteke en Islamitiese universiteite is gebou. Hierdie plekke het ontmoetingsplekke vir die beste digters, skoliere en kunstenaars van Afrika en die Midde-ooste geword. Mansa Musa, wat Moslem was, was miskien die meeste bekend vir sy pelgrimstog na Mekka in 1324. Volgens sekere verhale het, 60,000 mense saam met hom gegaan, tesame met 200 kamele gelaai met goud, kos, klere en ander goed. Hierdie pelgrimstog het Mansa Musa se enorme rykdom en vrygewigheid gewys/getoon.

Die einde van Mali

Na die dood van Mansa Musa, het die mag van Mali begin afneem. Mansa Musa se seuns kon nie die koninkryk bymekaar hou nie. In 1430 het die Berbers in die noorde baie van Mali se gebied ingeneem, insluitend die stad van Timboektoe, en gaandeweg het Mali sy houvas op handel verloor, totdat die koninkryk verkrummel het.

Bron: <http://mrkash.com/activities/ghanamaliempires.html>

Vraag 6: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Mali se rykdom is gebou op (1) en daarmee saam het hul ook die (2) roetes beheer. Daar word beweer dat die koning die verbouing / kweking van (3) in die ryk begin het.

(Kies die antwoorde **in die volgorde** wat dit in die teks voorkom.)

Opsies is: goud | sout | koper | katoen | ivoor | sy | groente

1	
3	

2	
---	--

Vraag 7: Veelvuldige Keuse

4 punte

Slawerny is 'n voorbeeld van uiterse ... gedrag.

- | | |
|----------|---------------|
| A | slegte |
| B | wreeddaardige |
| C | bedel |
| D | pragtige |
-

Vraag 8: Veelvuldige Keuse


4 punte

Die trans-Atlantiese slawehandel was een van die faktore wat tot die ineenstorting van ... gelei het.

- | | |
|----------|--------------|
| A | sosialisme |
| B | kommunalisme |
| C | kapitalisme |
| D | kommunisme |
-



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 9



Vraag 9: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte


Hierdie is 'n prentjie van 'n wegwysers op Zagora, op die punt van die Sahara-woestyn. Volgens die wegwysers, sal dit (1) neem om na (2) te reis.

Opsies Is: 52 ure | 52 dae | 52 km | Timboektoe | Mali | Tegaza


1	
---	--

2	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 10



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 10




Vraag 10: Skryf Jou Antwoord

3 punte

As gevolg van die trans-Atlantiese slawehandel, het ... 'n groot industrie in Amerika en Brittanje geword.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 11



Vraag 11: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Toe die ...-ryk begin het om te kwyn, het die opkomende Songhai-ryk op dieselfde kommoditeite staatgemaak.

Gee jou antwoord as **een woord**.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 12, 13

SLAWERNY IN AFRIKA

Slawerny het in Afrika bestaan, maar dit was nie dieselfde tipe slawery as die wat die Europeërs bekendgestel het nie. Die Europese vorm was bekend as traditionale slawe. Hierdie slawe was slegs 'n stuk eiendom, met geen regte nie. Slawerny in Afrika was anders. 'n Persoon kon 'n slaaf gemaak word om 'n skuld te betaal of as vonnis vir 'n misdad. Afrika-slawe het die beskerming van hulle familie en hulle plek in die samelewing verloor omdat hulle slawe gemaak was. Die slawe en hulle kinders het die kans gestaan om uiteindelik deel van hulle meester se familie te word, en daardeur vry te wees. In tradisionele slawerny, was slawe en hulle kinders en kleinkinders vir altyd slawe, met geen kans vir vryheid nie.

Die behandeling van slawe in Afrika het wyd verskil. Ottobay Cuguano, 'n gewese slaaf, onthou dat slawe goed gevoer was, en goed behandel was. Olaudah Equiano, 'n slaaf wat 'n boek oor sy lewe geskryf het, het aangeteken dat slawe self slawe van hul eie kon besit.

Sommige slawe in groter state het in stadsadministrasie gewerk, en het die kans gestaan om belangrike staatsoffisiële te word. Ander Afrika-slawe sou as hul meester se huishulp werk of in landbou. Ander was Wes-Afrika toe gestuur om in die goudmyne te gaan werk. Om in die goudmyne te werk was harde werk. Dit was ook baie gevaarlik, en baie van die slawe het in die myne gesterf.

Afrika-mense het gewoonlik 'ander' mense as slawe gehad. Dit beteken hulle slawe was nie van hulle eie kultuurgroep nie. Slawe was gewoonlik gevangenes, of slawe gemaak om 'n skuld te betaal of as vonnis vir misdade. Dit het genoeg slawe vir Afrika voorsien, maar nie genoeg om aan die vereistes van die buitelande te voorsien nie.

Om by te hou met die groeiende vereistes van buitelanders soos die Arabiere en Europeërs, het oorlogvoering, strooptogte om slawe te verkry en die ontvoering van jong vroue en mans ook toegeneem. Europeërs wou Afrika-slawe koop vir landbou werk in die Karibiese Eilande en Amerka. Slawe van Afrika was in groot aanvraag omdat hulle gewoon was aan landbou werk en boerdery.

Vertaal vanaf:

<http://www.discoveringbristol.org.uk/slavery/people-involved/enlaved-people/enlaved-africans/africa-slavery/>

Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Omdat die mense van Afrika nie kon byhou met die Arabiere en Europeërs se vereiste aan slawe nie, het hulle

Hulle was toe met die Arabiere en Europeërs verhandel.

- | | |
|----------|--|
| A | jong vroue en mans by hulle ouers gekoop |
| B | jong vroue en mans verlok met beloftes van 'n beter lewe |
| C | dorpe oorval en jong vroue en mans ontvoer |
| D | jong vroue en mans betaal om slawe te word |



Vraag 13: Waar/Onwaar

2 punte

Afrika-slawe kon self slawe besit.

WAAR**ONWAAR****Vraag 14: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Timboektoe was ryk in

A

goud

B

sout

C


koper

D

yster



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 15, 16



'n Uitbeelding van Mansa Musa, Koning van die Mali Koninkryk in die 14de eeu.

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die teenwoordigheid van ... vertel ons dat Islam die offisiële godsdienst van Mali was.

(Antwoord net met **een woord**.)

Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hierdie **prent** is 'n uitbeelding van 'n Saraseense koning van Wes-Afrika wat waarskynlik **Mansa Musa**, die keiser van Mali, is.

In die prent sien ons hy dra 'n kroon van Europese-styl en hou 'n ... in sy hand.

- | | |
|----------|---------------|
| A | lemoen |
| B | koperbal |
| C | goue klont |
| D | goue pot sout |

Vraag 17: Skryf Jou Antwoord

3 punte


Toe pro-slawernymagte die stad ... in Mei 1856 aangeval het, het Brown en 'n groep afskaffers teruggeveg.

Vyf pro-slawerny setlaars is deur Brown en sy mans vermoor.

Skryf slegs een woord as jou antwoord.

--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18



Vraag 18: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die **goud-sout-handel** het langs die (1) en (2) handelsroetes plaasgevind.

Gee die antwoord in **alfabetiese volgorde**.

Opsies Is: Mali - Tunisië - Egipte | Marokko - Wes-Afrika | Marokko - Oos-Afrika | Mali - Tunisië - Wes-Afrika

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 19: Waar/Onwaar

2 punte

Die inwoners van Mali **het baie van Musa gedink** omdat hy gewillig was om so 'n lang, gevaarlike rit te onderneem om 'n heilige plek so ver weg te gaan sien. Hulle was **beïndruk** met hoe gelowig hy hierdie pelgrimstog aangepak het.

WAAR

ONWAAR

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 20

Een van die mees beroemde verhale oor Timboektoe is deur Leo Africanus geskryf. Hy is in Granada in 1485 as Al-Hassan Ibn-Muhammed al-Wezzani-ez-Zayyatti gebore. Sy familie was tussen die duisende Moslems wat deur Koning Ferdinand en Konining Isabella na hul herowering van Spanje in 1492 uitgedryf is. Die familie het in Marokko gevestig, waar Leo Africanus in Fez gestudeer het. Hy het ook sy oom op diplomatiele sendings deur Noord-Afrika vergesel. Dit was op *die* reise dat hy Timboektoe besoek het.

As jong man is hy deur seerowers gevangene geneem en aan Pous Leo X as 'n uiters geleerde slaaf aangebied. Die Pous het hom vrygelaat, "Johannis Leo de Medici" gedoop en opdrag gegee om 'n breedvoerige opname van Afrika in Italiaans te skryf. Meeste van die Europeërs se kennis van Afrika vir die volgende paar eeue is deur sy verhale verskaf. Die Engelse weergawe van sy boek sluit in die volgende beskrywing van Timboektoe terwyl die Songhai keiserryk op sy sterkste was:

Volgens Leo Africanus, was daar 'n oorvloed van plaaslike geproduseerde koring, beeste, melk en botter, al was daar geen tuine of vrugteboorde in die omgewing van die stad nie. In nog 'n gedeelte van sy boek, toegewy aan die rykdom van die omgewing en die koning, beskryf Africanus die seldsaamheid van sommige van Timboektoe se handelware, soos sout. Hierdie beskrywings het onder die aandag gekom van Europese ontdekkingsreisigers. Africanus het ook die meer alledaagse aspekte van die stad beskryf, soos die "modderkothuise met grasdakke", maar hierdie beskrywings was meestal onopgemerk.

Vertaal vanaf: *Source:* <https://en.wikipedia.org/wiki/Timbuktu>

Vraag 20: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Bestudeer die laaste paragraaf van die teks.

Tik die uitdrukking in wat aandui dat Leo Africanus se verhaal nie noodwendig betroubaar is nie.

Tik slegs **drie** woorde.

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Afrikane wat slawe gehad het, het hulle goed behandel: hulle kon trou, land en eiendom besit en sommige was opgevoed.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 22



Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Omdat grondeienaars minder verdien het, het hulle minder ... betaal. As gevolg daarvan, het Wes-Afrika se ekonomie verswak.

Vraag 23: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die volgende is as 'n gewelddadige vorm van verset teen slawerny geklassifiseer:

- | | |
|----------|---|
| A | Vernietiging van gewasse en steel van vee. |
| B | Die breek van gereedskap of die opsetlike afskakeling van masjiene. |
| C | Stry met meesters. |
| D | Pleeg selfmoord. |

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 24

Handel oor die Sahara-woestyn

Die sand van die Sahara-woestyn kon 'n groot hindernis gewees het vir handel tussen Afrika, Europa en die Ooste, maar dit was meer soos 'n sanderige see met hawes vir handel aan beide kante. In die Suide was daar stede soos Timboektoe en Gao; in die Noorde was daar stede soos Ghadames (huidiglik Libya). Van daaraf is goedere gereis na Europa, Arabië, Indië, en Sjina.

Moslem-handelaars van Noord-Afrika het goedere oor die Sahara verskeep deur middel van kameelkaravane – op gemiddeld was daar 'n duisend kamele, alhoewel daar 'n rekord is wat praat van karavane wat reis tussen Egipte en Sudan met 12 000 kamele.

Hulle het luukse goedere, soos teksielware, sy, krale, keramiekware, ornamentele wapens en gebruiksartikels ingebring. Dit was geruil vir goud, ivoor, hout soos ebbehout en landbouprodukte soos kolaneute (wat as 'n stimulant optree wat kafeïen bevat). Hulle het ook hulle geloof, Islam, versprei langs

die handelsroetes.

Nomades wat in die Sahara gewoon het, het sout, vleis en hul kennis as gidse verhandel vir kledingstowwe, goud, graangewasse en slawe.

Tot die ontdekking van die Amerikas, was Mali die hoof produseerder van goud. Afrikaanse ivoor was ook gesog, omdat dit sagter was as die ivoor van die Indiese olifante en is dus makliker om te kerf. Slawe was gesoek deur die howe van die Arabiese en Berberse prinse om te gebruik as bediendes, byvroue, soldate en plaaswerkers.

Bron: <http://africanhistory.about.com/od/kingdoms/ss/SaharaTradeRoutes.htm>

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24



Vraag 24: Waar/Onwaar

2 punte

Egipte het 'n belangrike poort geword waardeur Islam na ander dele van Afrika versprei het.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 25



Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Soos wat al hoe meer Arabiese handelaars na Noord-Afrika gekom het, het hulle Moslem-(1) en (2) gebou langs die trans-Sahara-handelsroete. Hierdie het Islam in Noord-Afrika versterk.

Gee die antwoord in **alfabetiese volgorde**.

Opsies Is: winkelsentrums | handelsentrums | moskees | sinagoges | huise

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 26: Waar/Onwaar

2 punte

Die groot aanvraag na Afrika-slawe het 'n positiewe impak op Wes-Afrika se ekonomie gehad.

WAAR

ONWAAR

Vraag 27: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Om slawe te besit is gesien as 'n sigbare simbool van ... vir die ryk mense wat wel slawe besit het.

--

Vraag 28: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Mansa Musa het met 'n groot aantal wagte en knegte, asook 80 kamele wat geriewe, luukshede en sakke vol goudstukke gedra het, die pad oor die woestyn vanaf Niani na die heilige stad van ... aangepak.

(Antwoord net met **een woord**.)

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 29

Die Sahara is die grootste “warm” woestyn in die wêreld. Die Berbers verskyn op die toneel by die dagbreek van die Sahara se geskiedenis. Hulle is die oorspronklike inwoners van Noord-Afrika en het die gebied beset lank voor die aankoms van die Arabiere wat hulle taal, Arabies, en geloof, Islam, saam hulle gebring het.

Die Berbers, of Amazigh (amazee), wat hulle verkies het om genome te word, het oral oor Noord-Afrika gewoon vir duisende jare en is beskou as die oorspronklike inheemse bewoners van die gebied. Historiese rekords het hulle nagegaan tot in die tyd van die antieke Egiptiese ryke en selfs vroeër tot in die vyfde eeu V.C. Berbers, wat eers 'n sterk gevegsmag, het verskeie Christen, Moslem en Franse verowerings van die gebied oorleef en het aangehou om groot gemeenskappe te behou regdeur Marokko, Algerië, Tunisië, Libië en Egipte. Vandag, alhoewel hulle oor die hele Sahara gevind was, hulle spesifiek gekonsentreerd was in die Sahara se westelike lande.

Tot hul oorwinning in die sewentiende eeu deur Moslem Arabiere, meeste van die Berbers was Christene. Onder die Arabiere, het die Berbers Islamies geraak en vining die rugraat van die Arabiese weermagte gevorm wat Spanje oorwin het. Na baie jare van oorlog tussen die Berber stamme en die disintergrasie van Berber vorstehuse. Die Berbers van die woestyn vlaktes was geleidelik geabsorbeer deur die Arabiere, terwyl die wat in die onbereikbare bergreekse gewoon het, soos die Altas, Rif, Aurès en die Kabylia hulle kultuur en oorlogstradisies behou.

Bron: <http://www.adventureclassroom.org/adventures/berbers/history.htm>

Vraag 29: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die ... het in Noord-Afrika gebly, lank voordat die Arabiere aangekom het om handel te dryf met die mense wat daar gebly het.

Gee jou antwoord as **een woord**.



Vraag 30: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die inheemse Amerikaners het in Noord-Amerika gewoon lank voor die ... aangekom het.

- | | |
|----------|------------|
| A | Russe |
| B | Britte |
| C | Europiërs |
| D | Afrikaners |

Totaal: 105 Punte